The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 4 Terms and Conditions) without prior permission of the original publisher.

Publication
NAWEEK BEELD
Page
5
Date
Sat 08 Sep 2018



# ATKV-skryfskool se top-3 in Atterbury

## Tree op saam met Blue, Beekman, Kotze

**AJ Opperman**

Drie deelnemers aan die ATKV se Lucas Maree-liedjieskryfskool tree Sondag saam met kunstenaars soos Elvis Blue, Lize Beekman, Jannie du Toit en Thean Kotze op in die Atterbury-teater.

Die ATKV-skryfskool wil nuwe, oorspronklike Afrikaanse liedjieskrywers vestig. Dit is in Mei by die Afrikaans Hoër Seunskool se kultuursentrum in Pretoria aangebied en sal 'n jaarlikse instelling word.

Talle bekende musikante soos Coenie de Villiers, Anna Davel, Lize Beekman, Karin Hougaard, Hunter Kennedy en Jannie du Toit het die werksessies aangebied. Hulle is almal kunstenaars wat Maree, wat in 2011 dood is, as 'n groot musiekinspirasie beskou.

Volgens Nita Cronjé, bestuurder van kunste by die AKTV, is die kompetisie oorspronklik gemik op leerlinge in gr. 11 en gr. 12-, maar studente het ook deelgeneem. Daar word verder beplan om die skryfskool volgende jaar wyer te maak.

Talle ander bekende musikante het ook aanbiedinge gedurende die skryfskool gelewer en uiteenlopende onderwerpe soos musiekregte, skarefinansiering, intellektuele eiendom, kopiereg en sosiale media is gedek. Die kunstenaars wat by die skryfskool betrokke was, het groot inspirasie by Maree as woordkunstenaar gekry.



**Wyle Lucas Maree**



**Nicole du Plessis**

Die deelnemers self het aan hul liedjies geskaaf onder leiding van Coenie de Villiers, Anna Davel en Beekman.

"Elkeen moes 'n paar weke ná die werksessie 'n MP3 aanstuur van sy of haar liedjie," sê Cronjé.

"Coenie, Lize en Anna het toe punte toegeken en só is die drie deelnemers eenparig gekies. Dit is dan ook hulle wat die naweek saam optree."

Hulle is Jonathan Birch, Nicole du Plessis en Tacita Black.

De Villiers is opgewonde oor die liedjie-oes.

"Ek is bly hierdie deelnemers kry die kans om te wys wat hulle kan bied. En wat 'n voorreg het hulle nie om op te tree saam met Lize Beekman, wat eintlik selde optree! Die talent is daar en dit moet ontgin word. 'n Mens moet net baie tyd en energie bestee, maar daar is wonderlike werk in Afrikaans."

Die Atterbury-trust is een van die borge van die skryfskool.

Die konsert begin Sondag om 16:00. Kaartjies kos R150. Bespreek by Computicket.

Die deelnemers deel hul ervaring van die skryfskool:

**Jonathan Birch**

"Die liedjieskryfskool het die nuut en die oud volmaak gekombineer. Hunter Kennedy met sy rowwe en kras manier van dinge doen, het die musiekbedryf se *ins and outs* met eerlikheid met ons meegedeel.

Groot indoenas soos Coenie de Villiers het die musikale klem en noodsaaklikheid van goeie lirieke geopenbaar. Dit en nog meer het alles 'n naweek van musieknuutskeppings en die ontginning van nuwe talent verseker."

**Nicole du Plessis**

"Wat 'n voorreg om by toplied-jieskrywers te kon kers opsteek! Dit het my as liedjieskrywer uitgedaag en geïnspireer.

"Ek is baie opgewonde om op die gala-aand 'n verhoog saam met Suid-Afrika se topkunstenaars te kan deel en ek dank die ATKV en al die organiseerders vir so 'n geleentheid."

**Tacita Black**

"Die liedjieskryfskool was baie goed vir my en ek het soveel baat daarby gevind. Ek was omring deur mense met dieselfde belangstellings en ambisies, tog was ons almal verskillend en kon ons baie by mekaar leer.

"Die aanbieders van die werksessie het gehelp waar ek dit die nodigste gehad het en ek kon my skryfwerk verbeter."